

**Sondag 16 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 4:1-44; Matteus 14:14-21**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 4:2**

**Gebruik die bietjie wat jy het in God se diens!**

**D**ie eerste deel van die boek 2 Konings fokus op die profeet Elisa se dienswerk en toon duidelik aan, deur middel van die wonders wat die profeet doen, dat God Koning is.

Ons lees byvoorbeeld van die weduwee van 'n ander profeet wat by Elisa kom kla oor 'n skuldeiser wat haar opkeil. Elisa vra vir haar: "Wat het jy in jou huis?" En haar antwoord was: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie." Elisa beveel haar toe om soveel as moontlik kruike te leen en hulle dan vol olie te maak uit die kannetjie. God laat 'n wonderwerk gebeur en sy kon al die kruike vol maak en die olie verkoop om al haar skuld te betaal en ook nog geld oorhou om van te leef!

Eeue later sou Jesus Christus en sy dissipels te doen kry met 'n honger skare. Die dissipels wou hulle wegstuur, maar Jesus het gesê: "Gee julle vir hulle iets om te eet." Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net vyf brode en twee visse." Jesus het die seën gevra en toe die brood en die vis vir sy dissipels gegee om uit te deel. Almal het genoeg geëet en daar het ook nog 12 mandjies oorgebly!

Die punt is: God is Koning, en as jy die bietjie wat jy het in sy diens gaan aanwend, sal Hy sorg dat dit genoeg is! Begin net om die spreekwoordelike kruike vol te maak, soos die weduwee. Begin net om die spreekwoordelike brood en vis uit te deel, soos die dissipels. In God se koninkryk is 'n bietjie nooit te min as dit in God se diens aangewend word nie!

*Sing: Psalm 104-1:1, 8, 9*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)*